Notas i.v.m. trompremme en skietstokke

1) **Trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies** word nie toegelaat op skietbane waar georganiseerde tak-, streek- of nasionale skietoefeninge/kompetisies deur takke van SA Jagters aangebied word nie. Vir die reëls i.v.m. trompremme gaan na **Universele Reëls**, item 6.

1.1) Die rede vir die verbod op knaldemper/tromprem kombinasies is die groot verskeidenheid daarvan wat beskikbaar is en dié verskeidenheid word by die dag meer, byvoorbeeld:
a) Daar is "knaldempers" beskikbaar met gate en/of gleuwe buite-om op die oppervlakte van die silinder of voor op die gesig van die "knaldemper" – dit is 'n knaldemper/tromprem kombinasie en word nie toegelaat nie. Volgens SA Jagter se definisie van 'n knaldemper wat op die loop van 'n geweer gemonteer is, het die knaldemper net een gat voor op die knaldemper se gesig vir die koeël om die knaldemper te verlaat – geen ander gate en/of gleuwe word toegelaat nie;
b) Daar is knaldempers gekombineer met 'n kort voorste gedeelte wat lyk soos 'n tromprem – dit word deur SA Jagters beskou as 'n knaldemper/tromprem kombinasie en word nie toegelaat nie;

1.2) Hierdie besluit is geneem deur die Skietkomitee om argumente op skietbane te verhoed tussen skuts en Baanoffisiere en die onaangenaamheid wat dit potensieel kan veroorsaak.

---

2. Skietstokke het 'n gewigsbeperking van maksimum 2.4 kg vir skietstokke waarmee ook gestaan kan word – die opsie om skietstokke te weeg is in die diskresie van die organiseerders en indien nie binne die gewigsbeperking nie sal skuts nie toegelaat word om dit te gebruik nie. Vir die reëls i.v.m. skietstokke gaan na **Universele Reëls**, item 3.2